CC
TC

[52]

*Kantoor van die Stadsklerk*
*Town Clerk's Office*

STADSRAAD TOWN COUNCIL
**KRUGERSDORP**
TRANSVAAL RSA

(011) 951-2000
Direk / Direct (011) 951-2100
Faks / Fax (011) 660-5820

Burgersentrum
Civic Centre

94
KRUGERSDORP
TRANSVAAL
1740

2137

VERWYSINGSNR / REFERENCE NO Mev M Smit/wh
SS/1/2/49(BB)

1/5/10/52

7 Desember 1993

Dr T Eloff
Administrasie van die Veelparty
Onderhandelingsproses
Posbus 307
**ISANDO**
1600

Geagte Doktor

**AFBAKENING VAN STREEKGRENSE : SAMESPREKINGS MET DIE OOG OP DIE AFBAKENING VAN 'N SUBSTREEK BINNE DIE P W V - STREEK**

Die verslag van die koördinerende komitee ten opsigte van die afbakening van streekgrense wat op 15 November 1993 deur die Onderhandelingsraad aanvaar is, het betrekking.

Na aanleiding van punt 7 van bogenoemde verslag waaronder gemeld word dat die Onderhandelingsraad substreke behoort aan te spreek, het Krugersdorp Stadsraad samesprekings met die oog op die afbakening van 'n substreek binne die P W V - streek tussen vyf stadsrade naamlik **Randfontein**, **Roodepoort**, **Carletonville**, **Krugersdorp** en **Westonaria** gekoördineer.

Tydens die gemelde samesprekings is heelparty bindende veranderlikes ten opsigte van 'n moontlike substreek geïdentifiseer. Daar is aldus deur die samesprekingsforum besluit om voort te gaan met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n substreek te vorm en gevolglik 'n verslag voor te berei wat aan die Onderhandelingsraad vir oorweging voorgelê kan word.

2...

L.W. - Op versoek gerig binne sewe dae na die datum van die brief, sal 'n soortgelyke brief in Afrikaans verskaf word.

N.B. - On written request made within seven days after the date of this letter a similar letter will be supplied in English.

Geliewe my mee te deel van die prosedure wat gevolg moet word, sowel as die formaat wat so 'n verslag moet aanneem en of daar 'n keerdatum vir die verslag bepaal is.

U dringende aandag sal hoog op prys gestel word.

Die uwe

J C RICHARDS
UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK

BB\wilma.5

Z 43

**Stadsraad van Town Council of**

# KRUGERSDORP

(011) 951-2000 FAX : 660-5820
Uitb/Ext

94
1740

VERWYSINGS:
REFERENCES:

**TELEFAKS VERSENDINGSBLAD / TELEFAX TRANSMISSION SHEET**

DATUM/DATE: 7 Des 1993. AAN TELEFAKS NR: TO TELEFAX NO: 397- 2211

AAN/TO (NAAM/NAME): MNR T. Eloff.

(FIRMA/FIRM): Administrasie v.d. Veelparty Onderhandelingsraad

AFD/SECT:

GESTUUR DEUR/SENT BY: Mev. M. Smit DEPT: Stadsekretaris.

AFD/SECT: Stadsbeplanning BLADSYE/PAGES: 2

BOODSKAP/MESSAGE: